Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

27 Januarie 2020

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 1 VAN 2020
I.S.: WELKOM TERUG, KLASVERGADERINGS, VEILIGHEID TYDENS UITSTAPPIES, ENS.

Baie welkom terug na die lang Desember vakansie. Ons het reeds volspoed begin met ons akademiese program en buitemuurse bedrywighede.

'n Spesiale woord van welkom aan ons nuwe ouers, leerders en personeel. Mag die jaar suksesvol en geseënd wees en elkeen groot hoogtes bereik.

Ons wil graag elke Havie-ouer vra om u kind te motiveer om aan ons skool se aktiwiteite deel te neem. Ons is 'n skool van geleenthede en daar is geleenthede vir elke kind in ons skool.

Baie dankie aan al die ouers wat die klasvergaderings bygewoon het, dit is goed om te sien dat ons ouers positief voel oor die skool en betrokke is by ons aktiwiteite.

Daar word tans baie in die media berig oor beserings wat plaasvind tydens skooltoere en uitstappies. Die Onderwysdepartement gaan strenger reëls toepas ten opsigte van toere. Ons skool het nog altyd die veiligheid van ons leerders en personeel tydens uitstappies en toere eerste gestel. Ons het reeds aansoek gedoen vir rugby- en netbaltoere en glo en vertrou dat dit goedgekeur sal word.

Ons wil graag 'n beroep doen op u om die veiligheid van u kind/ers 'n hoofprioriteit te maak. Dit word aanbeveel dat u u kind/ers by die skool kom afhaal na skool of buitemuurse aktiwiteite. Na skool is die hekke oop en daar is vrye toegang tot die terrein. Kinders moet asseblief in die wag area wag tot hulle afgehaal word in die middae.

Baie dankie vir u mooi gesindheid en ondersteuning teenoor ons skool. Ons glo en vertrou dat die jaar 'n goeie jaar vir elkeen sal wees.

Haviegroete.

R DU PREEZ
Wrn/HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.